

Die volgende is 'n Werkkaart soos voorsien deur die VAW.

Voltooi hierdie Werkkaart oor Breuke.

Opskrif:

Gewone breuke

Werkkaart 4: Persentasie van getalle

Skryf die volgende teorie, met voorbeelde, oor in jou werkboek en voltooi die oefening wat volg.

- Persentasie beteken een deel uit eenhonderd en word met 'n simbool % voorgestel.
- Persentasie is 'n breuk met 'n noemer van 100.
- Om die persentasie van 'n getal te bereken, word die getal sowel as die persentasie eers in breukvorm geskryf en dan met mekaar vermenigvuldig.

Voorbeeld 1:

Bereken 25% van 64 bakstene

$$\frac{25}{100} \times \frac{64}{1}$$
$$= \frac{16}{1} = 16$$

Voorbeeld 2:

$$30\% \text{ van } \frac{4}{6}$$
$$\frac{30}{100} \times \frac{4}{6}$$
$$= \frac{1}{5}$$

Vermeerdering en vermindering van breuke

Voorbeeld 1:

Vermeerder $\frac{2}{3}$ met 80%

$$\begin{aligned} 100 + 80 &= 180 \\ \frac{21}{31} \times \frac{180606}{100805} \\ &= \frac{6}{5} \end{aligned}$$

Voorbeeld 2:

Verminder 120 met 40%

$$\begin{aligned} 100 - 40 &= 60 \\ &= \frac{12012}{1} \times \frac{606}{100101} \\ &= \frac{12}{1} \times \frac{6}{1} = 72 \end{aligned}$$

Oefening:

- Bereken die persentasie van die getalle
 - 25% van 48
 - 5% van 45
 - 75% van 120
 - 18% van $\frac{7}{9}$
 - 64% van $\frac{3}{8}$
 - 36% van $\frac{1}{6}$
- Bereken die persentasie wat 'n gegewe getal van 'n totaal is.
 - Watter persentasie is 25 van 100?
 - Watter persentasie is 9 van 20?
 - Watter persentasie is 3 van 25?
- Bereken die volgende
 - Vermeerder 40 met 80%
 - Verminder 32 met 45%
 - Wat is die persentasie vermeerdering van 5 tot 8?
 - Wat is die persentasie vermindering as 20 na 9 verminder word?